

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 9, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2009 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Hoekom verlaat mense die Kerk?

*Miljoene* Amerikaners het gedurende die laaste dekade of twee die “hoofstroom” Christendom verlaat! Die situasie is soortgelyk in Brittanje, Kanada en elders. Baie mense word eenvoudig koudgelaat deur wat hulle “georganiseerde godsdiens” noem.

*Waarom* is meer en meer miljoene belydende Christene besig om hulle *eie* godsdiens uit te dink – op soek na “geestelike waardes” weg van bywoning van enige georganiseerde kerkverband? Die uitslag van 'n onlangse opname gedoen deur die program aangaande Openbare Waardes te *Trinity College* in Hartford, Connecticut, [VSA] was vir baie mense 'n skok. Die 2008 opname het gevra: “Wat is u godsdiens, indien enige?” Slegs **een** antwoord het in elke enkele staat toegeneem: **Geen**. Ongeveer 15 persent van die Amerikaners maak daarop aanspraak dat hulle glad geen godsdiens het nie. Soos die *Seattle Times* se rubriekskrywer, Lance Dickie, onlangs berig het: “Ou hoofstroom kerke van Protestantisme is statistiese gryswordende hersenskimme. Die Episkopale Kerk verteenwoordig 1.1 persent van die bevolking. Binnegevegte het 'n miljoen lidmate weggedryf – ongeveer 'n derde – vanaf 2001 tot 2008. Die aantal “ongespesifiseerde Christene” het van 8 miljoen in 1990 tot 16 miljoen in 2008 gegroei, maar die verandering in

benadering is selfs nog groter ... Inderdaad, die idee van 'n persoonlike God verloor veld teenoor 'n vae, goddelike krag” (“Amerika se ontwikkelende geestelike profiel is 'n openbaring”, 19 Maart 2009).

Weereens, *waarom?* Wat is aan die gang?

Die *waarheid* is dat mense meer en meer agterkom dat die moderne belydende “Christendom” *nie die antwoorde het* wat mense in hulle lewens nodig het nie. Dit verduidelik nie werklik die ware *doel* van die menslike bestaan nie. Dit verduidelik *nie* die betekenis van huidige gebeure en die opwindende profetiese gebeurtenisse wat besig is om plaas te vind nie. Die grootste deel van moderne “kerkdom” is eintlik uit voeling met die *uiteindelike werklikheid*.

My vriende, soos die ou gesegde lui: “**Waarheid** is 'n magtige ding”. Dit is moeilik om weg te kruip vir die Waarheid, die Waarheid te ontduik en weg te hardloop van die Waarheid. Uiteindelik sal dit jou egter inhaal. Die werklike **Waarheid** is, soos baie van u lesers weet, dat hierdie wêreld se “Christendom” baie ver afgewyk het van wat Jesus Christus en die oorspronklike Apostels beoefen en geleer het. Hierdie wêreld se “Christendom” weerspreek hulself dikwels op verskeie maniere. Dit sê ons dikwels aan om “God se gebooi te gehoorsaam”, nogtans **ontken** dit die gebod om

die sewende dag heilig te hou – wat God se woord uitdruklik beveel in die Bybel van die begin tot die einde. Dit *ontken* die opdrag om die jaarlikse Heilige Dae te onderhou soos God Sy mense opdrag gegee het om te doen – wat die vroeëre Nuwe-testamentiese Christene onderhou het en wat in die toekomstige Duisendjarige heerskappy van Christus *onderhou sal word* (Sagaria 14:16-19).

Inderwaarheid ontken die hoofstroom Christendom dat u Bybel Jesus Christus se toekomstige duisendjarige heerskappy op hierdie aarde as Koning van konings, *duidelik beskryf* (Openbaring 11:15). Dit lyk asof hulle nie in staat is om die volgende duidelike stelling in God se geïnspireerde woord te lees of te verstaan nie: “Weet julle nie dat *die heiliges die wêreld sal oordeel nie*? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?” (1 Korintiërs 6:2). God se woord sê aan ons: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, *sal Ek mag oor die nasies gee*, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27).

Weereens, God se woord beskryf die “nuwe lied” wat deur die ware heiliges gesing sal word en wat beskryf hoe Christus ons “gekoop” het deur Sy bloed, “en [Hy] het ons

**Vervolg op bladsy 26**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Hoekom verlaat mense die Kerk?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Satan en sy demone 3

Bestaan daar werklik 'n duiwel? Het hy regtig miljoene geestelike wesens onder sy beheer? Kan hulle u affekteer? U behoort te weet!

#### Gebed: Ons lewenslyn na God 8

Ons lewe in spanningsvolle en gevaarlike tye. Ons besige omgewings kan ons gefrustreerd, angstig en selfs somtyds kwaad maak. Indien u in 'n groot stad woon spandeer u waarskynlik ure om te pendel in druk verkeer.

#### Waarom maak God gesond? 12

Indien u genesing benodig, behoort u die antwoord op hierdie vraag te ken!

#### Bybelse beginsels van gesondheid 17

Is gesondheid 'n middel tot 'n doel, of is dit 'n doel opsigself? Hoe kan ons gesondheid vind en behou in ons moderne wêreld?

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Mōre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

### Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Streekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Satan en sy demone

Deur Roderick C. Meredith

**Bestaan daar werklik 'n Duiwel? Het hy regtig miljoene geestelike wesens onder sy beheer? Kan hulle u affekteer? U behoort te weet!**

Dit is deesdae mode om die bestaan van 'n werklike geestelike wese wat Satan die Duiwel genoem word, te ontken. Ons is kastig so “gevorderd” in ons opvoedkunde en insig van dinge, dat selfs baie andersins intelligente mense die werklike bestaan van die Skepper Self ontken – hulle dink sekerlik dat die idee van 'n werklike Satan 'n onkundige oorblyfsel uit die Donker Middeleeue is.

Wat is egter in hierdie geval die **waarheid**?

As ons alle sentimentaliteit en intellektuele hoogmoed ter syde stel, kan ons *bewys* – uit die geïnspireerde Woord van God en uit aangetekende menslike ondervinding – dat daar 'n *werklike* Duiwel is? Natuurlik is selfs die gebruik van die Bybel as 'n betroubare naslaanbron, vir party mense soos 'n vervloeking. *Indien* u persoonlik egter 'n oop gemoed het, behoort u liewer *verder te lees*! Die **uitwerking** wat Satan en sy demone het, is skrikwekkend – en Satan se handelwyses is op die *huidige oomblik* besig om die wêreld om u te affekteer, meer as wat u uself kan begin indink!

Hierdie beskawing, hierdie “tydvak” – die tydperk van 6,000 jaar sedert Adam tot en met die wederkoms van Jesus Christus – was, en is nog steeds, 'n samelewing gedomineer deur

Satan die Duiwel en miljoene gevalle engele of “demone” wat hom in opstand teen die Skepper-God gevolg het.

Satan is *nie* slegs 'n algemene term vir boosheid nie. Satan is *nie* 'n blinde mag nie. Satan die Duiwel is 'n *magtige geestelike persoonlikheid* – oorspronklik deur God geskape as 'n gerub – wat teen sy Skepper in opstand gekom het. Sy oorspronklike naam, “Lucifer”, beteken “ligbringer”, maar sedert sy opstand word hy “Satan” genoem – wat “teenstander” beteken.

Kyk hoe het die magtige Lucifer gekonkel om *God* te onttron! Sy vernuftige vermoë en sy ydelheid het veroorsaak dat hy besluit het om te wedywer met sy einste Skepper. “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! *Hoe* lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!” (Jesaja 14:12-15).

**Satan het 'n KONINKRYK**

Na sy gekonkelery om volgelinge te verkry, was Satan uit die “berg” of *Koninkryk* van God geskop. Soos Openbaring 12:3-4 aandui, was Satan in staat om *een-derde* van die engeleskare oor te haal om hom te volg in sy opstand teen God! Hierdie gevalle engele word in die Bybel “demone” genoem. Satan het dus nou letterlik *ontelbare menigte* gevalle engele wat sy volgelinge is – in daardie sin, het hy 'n “koninkryk” waaroor hy in die geestelike wêreld heers.

Hy heers ook hier op die aarde. In Esegïel 28:12 lees ons eers die beskrywing van die menslike vors [of prins] van Tirus, 'n magtige man wat – op menslike gebied – die *absolute leier* was oor hierdie “New York” van die antieke wêreld. Esegïel verskuif egter dan sy fokus na die **werklike** “mag agter die troon” – die koning agter die skerms van hierdie heidense stadstaat. Kyk: “Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die

werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei" (verse 12-13). Hier vind ons 'n persoonlikheid wat duisende jare voor Tirus bestaan het – in die "Tuin van Eden!" Nogtans was hierdie persoonlikheid 'n *geskape* wese (vers 15), **nie** 'n lid van die Godsgesin nie.

Op hierdie wyse openbaar Esegjël dat **Satan** die eintlike heerser oor hierdie heidense stadstaat was.

Satan word ook geopenbaar as 'n uiters *konkelende* persoonlikheid. In Mattheüs se beskrywing van Jesus se ondervinding tydens Sy versoeking deur Satan in die wildernis of woestyn, sien ons dat hierdie bose persoonlikheid selfs gewillig is om die Skrif aan te haal en dit vir sy eie doeleindes te verdraai. Hy het selfs die vermetelheid gehad om die Skrif aan te haal vir die **Outeur** daarvan, Jesus Christus! "Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie" (Mattheüs 4:5-6).

Daarna het Satan Jesus weer versoek: "Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid" (vers 9). Let daarop dat Jesus **erken** het dat die wêreld se koninkryke onder Satan se beheer is. Hy *het nie* Satan se heerskappy oor die wêreld se regerings *betwis* nie!

Jesus het inteendeel geweet

watter geestelike beginsels betrokke was en het die gepaste Skrifgedeelte aangehaal deur te sê: "Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien" (vers 10). Jesus het verkies om aan Sy Vader **gehoorsaam** te wees en om Sy beloning op *God se tyd* en volgens *God se maniere* te ontvang.

Later, toe Jesus se vyande Hom daarvan beskuldig dat Hy Beëlsbul gebruik om duiwels uit te dryf, het Hy geantwoord: "Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie. En as die Satan die Satan uitdryf, dan is hy teen homself verdeeld. **Hoe sal sy koninkryk dan bly staan?**" (Mattheüs 12:25-26).

Satan **het** dus 'n koninkryk! Soos ons gesien het, is hy die onsigbare "god" van hierdie wêreld (2 Korinthiërs 4:4). Hy is die opperste misleier van individue en nasies. "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en **Satan, wat die hele wêreld verlei**, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9).

### Satan oefen invloed uit

Satan is die geestelike wese wat, in die baie nabye toekoms, kragtige invloed sal uitoefen oor 'n charismatiese politieke diktator wat 'n magtige wêreld supermoondheid wat sal herrys uit 'n herleefde en militante verenigde Europa, sal lei en moontlik selfs sal beset.

*Ongelooflik!* Satan sal die "god" wees wat die vals godsdienstige **stelsel** wat die wêreld oorheersende ekonomiese en militêre moondheid gaan onderskraag, besiel en bemagtig! Moet my asseblief nie sommer glo of my woord daarvoor neem nie – kyk self in die Bybel!

God se woord voorspel dat hierdie toekomstige onderdrukkende stelsel letterlik *besiel* sal word deur **demone**. "En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlijkheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie" (Openbaring 18:1-4).

Satan sal hierdie toekomstige wêreldleiers motiveer om *teen Christus Self te veg* met Sy wederkoms as Koning van die konings en Here van die here! Christus sal egter van Satan ontslae raak en die goddelose heerskappy van hierdie bose wese sal tot 'n gewisse einde

kom. “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (Openbaring 17:14).

Kan ons selfs maar net begin om 'n denkbeeld te vorm van die diepte van **misleiding** wat so **ontsaglik** is dat letterlik *miljoene* mense verlei sal word om Christus Self tydens Sy wederkoms te beveg? Dit kan ons sekerlik help om die realiteit te besef van wat dit beteken wanneer die Bybel so duidelik aandui dat Satan die Duiwel die “hele wêreld” grootskaals mislei het – *baie meer* as wat die meeste mense ooit besef het!

Die geïnspireerde boek Daniël gee aan ons 'n verstommende insig in die geestelike dimensie – Satan en sy demone word dikwels uitgebeeld as in *direkte beheer* van heidense nasies, soos ons regdeur die Bybel sien. Toe Daniël hom dit ten doel gestel het om hom te verootmoedig en *God te soek*, het 'n engel hom verseker dat sy “woorde gehoor was” en dat God spoedig sou ingryp (Daniël 10:12). Die engel sê toe aan Daniël: “maar die vors van die koninkryk van die Perse het een-en-twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Migaël, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië” (vers 13). Later het die engel Daniël vertroulik meegedeel: “Weet jy waarom ek na jou gekom het? Ek moet dan nou teruggaan om te veg met die vors van die Perse;

en as ek heengegaan het, kyk, dan kom die vors van Griekeland” (vers 20).

Hier het ons 'n duidelike beskrywing van “geestelike oorlogvoering” wat plaasvind – gewoonlik *agter die skerms* – wat 'n kragtige invloed uitoefen op die opkoms en val van nasies en leiers, asook nasies wat oorloë wen of verloor. Hierdie gebeure is **werklikheid**. In die *nabye toekoms* sal soortgelyke gebeure ook *dramaties beïnvloed word* deur geestelike wesens onder die invloed van Satan die Duiwel!

Dit is die rede waarom die apostel Paulus die heidene in Efese gewaarsku het aangaande die dinge “waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die **owerste** van die mag van die lug, van die **gees** wat nou in die **kinders van die ongehoorsaamheid werk**” (Efesiërs 2:2). Later in daardie sendbrief keer hy terug na dieselfde tema: “Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug” (Efesiërs 6:12).

Dus is Satan die Duiwel werklik die “god” van hierdie wêreld! Hy is 'n werklike geestelike wese wat grootliks die handeling van mense beïnvloed. Onderworpe aan God se oorheersende mag, word hy *toegelaat* om nasies aan te val, om die gedrag van kranksinnige diktators en heersers te beïnvloed – en veroorsaak dat hierdie wêreld op *rampspoed*

afstuur!

### Satan se godsdienstige misleiding

Die Bybel maak dit baie duidelik dat Satan, op godsdienstige gebied, sy *eie* kerke en sy *eie* predikante het. Satan word duidelik uitgewys as die *werklike mag* agter die “troon” van die groot vals kerk wat in Openbaring 17 beskryf word. Die apostel Paulus was ook geïnspireer om hierdie waarskuwing tot ons te rig aangaande Satan se vals predikante: “Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, – laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:4).

Paulus waarsku: “Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke” (verse 13-15).

Deur die eeue heen het Satan probeer seker maak dat die meeste mense nie die ware Kerk van God en die ware evangelie wat dit verkondig, sal kan uitken nie. Om godsdienstige verwarring aan te wakker het Satan honderde sektes, kerke en godsdienstige groepe geïnspireer, elk met sy *eie*

spesiale soort godsdienstige denkwysse – elke kerk met 'n sekere “persoonlikheid”, om dit so te stel – om voorsiening te maak vir bykans elke soort gevoel of denkrigting wat iemand ook al mag hê. In werklikheid is daar ware demoniese *persoonlikhede* uit die geestelike wêreld wat menige vals kerke lei.

'n Aantal kerke maak daarop aanspraak om die “ware Kerk” wat Jesus gestig het, te wees. Wanneer die werklike waarheid egter gevind word, eien baie min mense die ware Kerk vir wat dit is, alhoewel die meeste kerke wat daarop aanspraak maak om die “ware Kerk” te wees, 'n **heeltemal ander** boodskap verkondig as die ware Evangelie wat Jesus Christus en die vroeëre Apostels verkondig het. Indien u graag meer wil weet hoe en waarom dit gebeur het, skakel ons asseblief of skryf dadelik aan ons, of gaan na ons webwerf by [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za) en vra 'n **gratis** kopie aan van ons insiggewende boekie, *Hervestig die Christenskap van die Apostels*.

In ons tyd gebruik Satan die radio, televisie, films en die Internet om voorsiening te maak vir die wellus van die mensdom, om huise op te breek en om mense andersins te beïnvloed – soveel so dat miljarde mense nie in staat is om die Skepper-God te eien of om te erken dat Sy woord regtig geïnspireer is nie. Ja, die grootste gros van die mensdom bly *verblind* en **mislei** (Openbaring 12:9).

## Satan het demone

God toon duidelik dat gevalle *geestelike wesens* deur Satan oor verskeie wêreldsgesinde regerings geplaas is – wat dikwels dan groot invloed uitoefen en mag het oor hul aktiwiteite (Daniël 10). Daar is ook baie Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament wat duidelik toon dat Jesus Christus heeltemal bewus was van Satan se demone en hul aktiwiteite, soos ons sien in Markus se relaas waar Jesus 'n duiwel uitgedryf het, terwyl Sy dissipels dit nie kon doen nie (Markus 9:17-29).

In Markus se verhaal het 'n demoon veroorsaak dat 'n man se seun *nie kon praat* nie. Hierdie demoon het veroorsaak dat sy slagoffer soort van epileptiese **aanvalle** kry, waartydens hy soms neergegooi was om op die grond rond te rol en veroorsaak het dat skuim uit sy mond gekom het. Jesus se dissipels was *nie in staat* om hierdie demoon uit te dryf nie. Uiteindelik het Jesus gekom en hierdie onrein gees streng *bestraf*: “Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie” (vers 25).

Hier is dit duidelik dat Christus nie met die *persoon* self gepraat het nie, maar eerder met die **demon**! Sodanige bese geeste kan verantwoordelik wees vir 'n groot aantal gevalle van sogenaamde “geestelike ongesteldhede”.

Selfs terwyl die meeste geestelike ongesteldhede wat mense mag ervaar moontlik veroorsaak kon gewees het deur geboorte defekte, ongelukke of siektes, kan dit, namate die einde

van hierdie tydperk nader kom, *toenemend duidelik* word dat demoniese geeste betrokke is by sommige van die gruwelike en buitensporige gedrag wat beskou sal word as “geestelike ongesteldhede” deur Godverwerpende waarnemers!

Ja, ons behoort *ten volle bewus te wees* van die **geestelike wêreld** – en van Satan en sy **demone**!

## Wat staan u te doen?

Regdeur die Bybel toon Christus aan ons dat ons *proaktief* moet wees om te verhoed dat Satan ons mislei en ons weglok van die Waarheid af, of om ons selfs te beïnvloed, of om ons, ons kinders of geliefdes in besit te neem! God beveel ons deur die apostel Jakobus: “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondears, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydschap in bedruktheid. Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog” (Jakobus 4:7-10).

Elkeen van ons behoort alles moontlik te doen om “nader aan” die *ware God* van die Bybel te kom. Namate die einde van hierdie tydperk nader kom, behoort ons te erken dat 'n werklike “geestelike oorlog” binnekort in die hemel sal plaasvind en dat Satan brullend na die aarde sal neertuimel –

gerugste un moontlik deur miljoene verdorwe geestelike wesens wat hom sal bystaan om 'n Godverwerpende mensdom te mislei en te disoriënteer (Openbaring 12:10-12). Die Skrif **waarsku** ons – herhaaldelik – dat ons in 'n “geestelike oorlogvoering” gewikkel is met Satan en sy demone (Efesiërs 6:10-17).

God het die apostel Petrus geïnspireer om ons hierop bedag te maak: “Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek. Wees gasvry jeens mekaar sonder om te murmureer” (1 Petrus 4:8-9). U en ek behoort *alles in die stryd te werp* om na die God van die Bybel te hunker! Eerlikwaar, dit is tyd om op te hou om “kerk te speel”, om dikwels godsdiens ligtelik op te neem as 'n relatief onbenullige bysaak in ons lewens. Namate die einde van hierdie tydperk vinnig nader kom, sal dit werklik vir ons **nodig wees** om nader aan die God van die Bybel te wees en om Sy goddelike beskerming te hê – teen menslike magte sowel as teen die **geestelike magte** van Satan die Duiwel. Dit is **nie** nodig dat ons vreesagtig moet wees nie. Ons moet egter *ons deel doen* deur nader aan God te

beweeg en dan in Sy beloftes te **glo** dat Hy ons volkome sal beskerm gedurende die moeilike tye wat voorlê.

Soos die apostel Paulus beveel: “Daarom, neem die **volle wapenrusting** van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die **Bose** sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God – terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges” (Efesiërs 6:13-18).

Gaan *u*, persoonlik, werklik voluit om “gereeld te bid” – om werklik na God te hunker en om te probeer *doen wat Hy sê*? **Bestudeer u werklik** die Bybel en vra u God vir begrip en die krag om Sy geïnspireerde woord te gehoorsaam? Doen u alles wat u kan om “met God te

wandel” net soos Sy getroue dienaars deur die eeue heen gedoen het?

Elkeen van ons behoort **o n s s e l f h i e r d i e** lewensbelangrike vrae af te vra en dit dan eerlik te beantwoord. Satan **het mos** 'n “koninkryk”. God het Sy teenstander toegelaat om die “god” van hierdie wêreld te wees gedurende die eerste 6,000 jaar van menslike bestaan – jare wat nou vinnig na 'n einde snel. Aan die einde van sy invloedryke tyd sal hierdie bose wese, in desperaatheid, selfs **miljoene mense** beïnvloed om **teen** Christus te **veg** (Openbaring 17:14) voordat hy uiteindelik gebind sal word en in die “vuurpoel” gewerp sal word – sodat hy die mensdom nooit weer sal kan lastig val nie (Openbaring 20:10).

Geagte leser, *u* behoort bewus te wees van die ontsaglike mag van Satan en sy demone, asook van u behoefte aan die **beskerming** van die Skepper-God wat oor **absolute mag** oor Satan beskik. Maak seker dat u die ware God “soek” en Hy sal u verlos en u in Sy ewige Koninkryk opneem – **indien** u u deel doen. **W&M**

---

## U uiteindelijke Lotsbestemming

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie te bekom!

# Gebed: Ons lewenslyn na God

Deur Richard F. Ames

Ons lewe in spanningsvolle en gevaarlike tye. Ons besige omgewings kan ons gefrustreerd, angstig en selfs somtyds kwaad maak. Indien u in 'n groot stad woon spandeer u waarskynlik ure om te pendel in druk verkeer. Konstruksiegeeraas en luidrugtige bure veroorsaak spanning en senuweeagtigheid. Selfs vriende en gesinslede mag argumenteer en spanning veroorsaak om die vrede in u lewe te versteur.

Is daar 'n manier om opgewasse te wees teen ons spanningsvolle wêreld? Ja, daar is! Die Bybel toon aan ons die weg na gemoedsvrede deur gebed. Gebed is ons lewenslyn na God. Indien u leer om meer doeltreffend te bid, kan u groot voordele geniet deur Sy ingryping in u lewe!

Bid u gereeld? Het u gemoedsvrede gevind deur gebed? In September 2006 het die Universiteit van Baylor en die Gallup Organisasie 'n opname vrygestel oor Amerikaners se godsdienstige gebruike. Die opname het getoon dat “driekwart van Amerikaners ten minste een maal per week bid. Meer as 'n kwart bid verskeie kere per dag” (*Lexington Herald-Leader*, 13 Januarie 2007).

Is u een van daardie driekwart Amerikaners wat bid? Waarom behoort ons te bid? Een belangrike rede is dat ons almal geloof benodig om ons gevaarlike en spanningsvolle

wêreld die hoof te kan bied. Hoe kan ons geloof hê? “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Romeine 10:17).

Met ander woorde, soos ons die Bybel lees, die woord van God, sien ons hoe God in die lewens van Sy mense ingryp. Ons sien dat Hy aan ons **grootse beloftes** gegee het wat ons lewens kan verander en ons geloof kan versterk. Let op hierdie bemoedigende stelling: “Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is” (2 Petrus 1:2-4).

Wanneer ons ontmoedig voel – of selfs oorweldig – deur die korrupsie van die wêreld rondom ons, kan ons dit wat op ons harte lê, in gebed met God deel. Hy vra ons om ons versoeke aan Hom bekend te maak. Watter soort hulp benodig u? *Vra God om hulp*. Hy belowe om in al ons behoeftes te voorsien. “En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur

Christus Jesus” (Filippense 4:19).

Deel u behoeftes, angstighede, vrese, probleme en bekommernisse met u Hemelse Vader. Praat met Hom oor u probleme en kwellinge. Ja, u het behoeftes, maar God belowe om daarin te voorsien (Mattheüs 6:33-34). U kan dankbaar wees daarvoor. Wanneer u bid, moet nie die beginsel van danksegging uitlaat nie. Onthou: “Wees orniks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking **met danksegging** bekend word by God” (Filippense 4:6). Wanneer u u bekommernisse en behoeftes in gebed met God deel, maak seker dat u Hom bedank vir Sy beloftes, vir Sy liefde en vir Sy bereidwilligheid om u te help!

Wat gebeur wanneer ons hierdie opdrag volg? God verseker ons: “En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus” (vers 7).

**Ja, deur Christus Jesus!** Dit is 'n uiters belangrike sleutel tot beantwoorde gebed. Ons bid op gesag van ons Verlosser. Ons gaan nie deur enige menslike priester as middelaar nie; in Jesus het ons alreeds die heel belangrikste Hoëpriester wat namens ons intree by die Vader (Hebreërs 4:14).

## Nader tot die troon

Wanneer ons bid, nader ons die troon van God in die hemel.



Ons Vader in die hemel het ons lief. Hy wil hê dat ons direk tot Hom moet bid. Die Skrif sê aan ons om met vrymoedigheid na Sy troon van genade te gaan. Ons kan dit doen, want Jesus Christus is ons groot Hoëpriester aan die regterhand van die Vader. “Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, *naamlik* Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, *maar* sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Hebreërs 4:14-16).

Ons behoeftes mag groot of klein wees. Baie jare gelede wou ek baie graag 'n sekere soort natuurlike voedselitem bekom wat my plaaslike supermark nie in voorraad gehou het nie. Dit het gelyk asof my begeerte vir maande onvervuld gebly het. Eendag, terwyl ek die Bergpredikasje lees, merk ek een besondere sinsnede op waar Jesus ons aanmoedig: “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word” (Mattheüs 7:7-8).

Hoe kon ek tog hierdie eenvoudige en duidelike opdrag misgekyk het? Ek het uiteindelik

vir God hierdie natuurlike voedsel-item gevra wat ek wou hê. Skielik, toe ek weer daarvoor in my gebied begin rondsoek – ek het letterlik en figuurlik aan deure geklop – het ek gevind wat ek gesoek het. God het my gebed verhoor en Hy sal u ook verhoor!

God het aan ons die ontsaglike voorreg verleen om voor Hom te kom in gebed – maar ons gebed moet gebaseer wees op die woord van God, die Bybel. Die Skrif gee aan ons kragtige strategieë om spanning en angstighede baas te raak. Gebed is ons lewenslyn na God en Hy belowe om aan ons gemoedsvrede te gee, indien ons dit met Hom in gebed deel. Hoeveel tyd spandeer u egter in gebed met God? Die Barma Groep berig dat, van daardie mense wat bid, “bid die meeste van hulle minstens een keer per dag en spandeer minder as vyf minute per dag aan gebed” – gewoonlik 'n kort gebed voor 'n maaltyd en 'n lys van dinge wat ons graag vir onself wil hê (*The State of the Church: 2005*).

Wat nou indien u een van daardie is wat selde of ooit bid? Moontlik het u nooit geleer om te bid nie, of het slegs die kinderlike rituele van gebed geleer. As 'n kind was ek 'n eenvoudige slapenstydgebed geleer: “*Now I lay me down to sleep, I pray the Lord my soul to keep. If I should die before I wake, I pray the Lord my soul to take*”. Na hierdie gebed sou ek God dan vra om my moeder, vader en suster te seën – en ook ons kat, Deet-Deet.

Gedurende my tienerjare, toe my tante siek geword het aan kanker, het ek meer ernstig begin raak oor gebed en het ek 'n punt daarvan gemaak om gereeld vuriglik vir haar te bid. Dit was egter nie voordat ek 'n jong volwassene was, dat ek eers begin het om die werklikheid van God se bestaan te besef en my behoefte aan 'n verhouding met Hom nie. Ek onthou dat ek by my bed gekniel het, nadat ek 'n artikel gelees het wat die basiese beginsels van gebed verduidelik het. Terwyl ek opgekyk het na die plafon, het ek vir die eerste maal die omvang begin besef van die Skepper-God wat in die hemel, baie hoër as die plafon, is.

Indien ons nie die werklikheid van die Skepper-God – die God van die Bybel – begryp het nie, kan ons nie veel van ons gebede verwag nie. Hoeveel mense om ons glo selfs in God? 'n Verstommende 96% van alle Amerikaners sê dat hulle in God glo! In Kanada het 'n meningspeiling deur Carleton Universiteit bevind dat 80% van die Kanadese in God glo, hoewel minder as 25% eredienste bywoon. In Australië het 'n meningspeiling uitgevoer deur die Nasionale Kerklewe Opname en die Edith Cowan Universiteit, bevind dat 74% van die Australiërs in God glo. In Brittanje sê 69 persent dat hulle in God glo. Hierdie statistiek mag indrukwekkend klink, maar hoe sterk is hul geloof? Let op na hierdie definisie van geloof: “Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys

van die dinge wat ons nie sien nie. Want daardeur het die mense van die ou tyd getuieis ontvang. Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie” (Hebreërs 11:1-3).

Suiwer wetenskap is nie teen geloof nie. Baie wetenskaplikes, soos die Nobelpryswenner, Albert Einstein, het ontwerp en ontsagwekkende intelligensie in die skepping gesien. Einstein het geskryf dat wetenskaplikes se “godsdienslike gevoelens die vorm aanneem van oorstelpende verwondering oor die harmonie van die natuurwette waarin 'n intellek van sodanige gevorderdheid openbaar word dat, in vergelyking daarmee, al die sistematiese denke en handeling van mense 'n volslae onbeduidende refleksie is” (*Einstein: A Centenary Volume*, geredigeer deur A. P. French, Harvard Universiteitsuitgewers, 1979, bl. 305).

Die wetenskap was nie in staat om te ontdek waar hierdie wette vandaan kom nie. Het dit dan uit niks ontstaan? Ons weet dat hulle in werking was sedert die eerste oomblik van die skepping. Wetenskaplikes erken dat hulle moes wees! Soos teoretiese fisici, Stephen Hawking en Roger Penrose opgemerk het: “Die enigste manier om wetenskaplike teorieë te hê, is indien die wette van fisika standhoudend is, insluitende van die begin van die

heelal af”.

Die apostel Paulus skryf: “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister” (Romeine 1:20-21).

### Die skepping getuig

Die skepping self getuig, net soos u Bybel, dat daar 'n groot intelligensie is – 'n Skepper en 'n Wetgewer – wat die heelal in werking gestel het. Nogtans wil die Een met daardie groot intelligensie graag met u kommunikeer oor die dinge wat u naaste aan die hart lê. Hoe kan ons nader aan Hom kom? Kyk: “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek” (Hebreërs 11:6).

Een manier om God “ywerig te soek”, is om daagliks die Bybel – God se Woord – te lees! Ja, “die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God” (Romeine 10:17). Deur middel van die Bybel se profesieë gee God aan ons hoop vir die toekoms. Hy gee aan ons “die grootste en kosbare beloftes” (2 Petrus 1:4). Hy dui ons ook die weg na die ewige lewe aan, deur die Verlosser van die wêreld, Jesus

Christus. Namate u die Bybel lees, sal u leer hoe God, regdeur die geskiedenis, vir Sy mense ingegryp het. Wanneer u dan lees hoe Hy hulle verlos het uit skynbaar onoorkomelike gevare en beproewings, sal u begin om meer geloof te hê. Lees die verhale van Daniël in die leeu kuil; die redding van Sadrag, Mesag en Abednégo uit die vuuroond van Nebukadnésar in Babilon en die ontsnapping van antieke Israel deur die Skelfsee. Lees van die wonderwerke wat verrig is deur die Seun van God, Jesus van Nasaret, waar Hy die siekes, die blindes, die lammes en die dowes genees het. Jesus het selfs mense uit die dood opgewek!

Hoe dikwels behoort u elke dag te bid? Eertydse Koning Dawid het 'n gewoonte daarvan gemaak om drie keer per dag tot God te bid. Hy skryf: “Maar ek, ek roep God aan, en die HERE sal my verlos. Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem” (Psalm 55:17-18). Ons behoort almal God deur gebed te soek. Indien u nou eers begin leer om te bid, maak seker dat u die Bybel daagliks lees en in besonder die Psalms, want dit bevat baie van die gebede van Koning Dawid van weleer.

Die profeet Daniël het ook drie maal per dag gebid, selfs toe die koning hom beveel het om dit nie te doen nie! “En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bokamer vensters gehad wat oop was in die rigting van

Jerusalem, en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het” (Daniël 6:11). Daniël was in die leeu kuil gegooi vanweë sy geloof, maar God het hom gered en sy lewe gespaar!

### Soek die Here

Ja, God sal in u lewe ingryp indien u ná aan Hom is en tot Hom uitroep. Die profeet Jesaja gee aan ons hierdie vermaning: “Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jesaja 55:6-7).

God belowe ons om ons sondes te vergewe indien ons bekeer en Hom soek. Jesus se dissipels wou graag hê dat Hy hulle moes leer om te bid. Hulle het aan Hom gesê: “Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het” (Lukas 11:1). Jesus het daarop aan hulle die modelgebed gegee, wat nou algemeen bekend staan as die “Onse Vader” (Mattheüs 6:9-13; Lukas 11:2-4).

Slaan ag op Jesus se waarskuwing aan Sy dissipels voordat Hy aan hulle die modelgebed gegee het: “En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word” (Mattheüs 6:7). Sommige mense dink dat hulle baie vroom en godsdienstig is wanneer hulle

dieselfde woorde oor en oor prewel. Dit is nie wat Jesus verlang nie! Hy wil hê dat ons vuriglik uit ons hart uit moet bid, nie om gedagtelos die woorde van die “Onse Vader” – of enige ander gebed – oor en oor te herhaal nie!

Onthou: “Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag” (Jakobus 5:16). Toe die profeet Hosea die jammerlike toestand van antieke Israel betreur het, waarvoor het hy gekla? “Toe hulle na My om hulp geroep het, het dit nie uit die hart gekom nie” (Hosea 7:14 NV).

Jesus begin Sy modelgebed met hierdie opdrag: “Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word” (Mattheüs 6:9). Nie sodat ons hierdie presiese woorde netso moet herhaal nie, maar dat ons op dieselfde *manier* ons Vader in die hemel moet eer en heilig. Wanneer ons bid, behoort ons heel eerste te erken dat God ons Vader is. Ons kan ook erkenning verleen dat Hy die Skepper van die hemel en die aarde is (Genesis 1:1; Eksodus 20:11; Jesaja 40:25-28). Hy is ook die Wetgewer en die Lewegewer. Hy vervul die Bybel se profesieë. Bid oor die betekenis van God se Naam, Sy gesag en Sy karakter.

Christus leer ons daarna om te bid dat God se Koninkryk moet kom, vir ons onderwerping aan Sy wil, en vir ons behoeftes – fisies en geestelik. Hy leer ons om te bid vir vergifnis, en om aan ander die vergifnis te skenk wat ons vir onself sou wou hê. Hy leer ons om te vra vir Sy

beskerming teen swaar beproewings en versoekings, selfs van die duiwel. Ten slotte eindig Hy Sy modelgebed met 'n fokus op God se mag en majesteit: “Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen” (Mattheüs 6:13).

Ja, God is die Skepper van die heelal. Hy is almagtig. Hy wil ook hê dat *u* die aarde, die Koninkryk – en die ganse heelal moet beërf. God is liefde. Hy wil graag elke goeie ding met u deel.

Die Skrif sê aan ons om God met ons hele hart te soek. Lees hierdie bemoedigende belofte: “Want so sê die HERE: ... Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, ...” (Jeremia 29:10-14).

Ons het 'n groot Verlosser en Hoëpriester aan die regterhand van God. Kom dan met vrymoedigheid na daardie troon van genade, soos Hy ons ook aanmoedig (Hebreërs 4:16)! God sal dan aan u Sy barmhartigheid en genade skenk, na die mate wat u Hom soek en u onderwerp aan Sy wil. Gebed *is* ons lewenslyn na God. Bid vuriglik. Bid elke dag, en God sal aan u gemoedsvrede in hierdie spanningsvolle tye skenk. **WvM**

# Waarom maak God gesond?

Deur Rod McNair

Indien u genesing benodig, behoort u die antwoord op hierdie vraag te ken!

Midde in 'n krisis, vra ons dikwels: “Waar is God?” Ons wonder: “Waarom laat Hy toe dat ek so ly?”, of selfs: “Waarom laat Hy toe dat my geliefde sterf?” Hierdie soort vrae mag deur ons gedagtes gaan in spanningsvolle en wanhopige oomblikke, wanneer ons gekonfronteer word met siekte en pyn – selfs die wrede werklikheid vandie dood.

Ons vra moontlik egter die verkeerde vrae. In plaas van om God te oordeel omdat Hy nie gou ingryp nie, behoort ons egter 'n ander vraag te vra. Indien ons God se genesing nou benodig, moet ons die fundamentele vraag vra: *Waarom skenk God genesing?*

Om genesing te verstaan, moet ons 'n beter perspektief van siekte en dood verkry. Wat is God se perspektief van 'n menslike lewe? Ten eerste, die menslike lewe is van korte duur! Vergelyk dit met God se lewe, en die verskil is ontsaglik! Die profeet Jesaja verduidelik: “Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam ...” (Jesaja 57:15). God het in die verlede die ewigheid bewoon en Hy sal in die toekoms vir ewig daarin voortleef. Dit is vir ons verstand moeilik om te begryp! Boonop is Hy ook besig om ons voor te berei om daardie nimmereindigende lewe met

Hom te deel deur die opstanding uit die dood (Johannes 5:24). Ons het 'n verstommende toekoms wat ons, uit ons huidige perspektief, maar net kan begin om te verstaan!

Terwyl hy oor die kortstondigheid van die menslike lewe nagedink het, het Koning Dawid opgemerk: “My dae is soos 'n skaduwee wat lank geword het, en ek, soos die plante verdor ek” (Psalm 102:12). Ons kortstondige lewe lei egter na 'n grootse en wonderlike toekoms: “Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee” (Jeremia 29:11).

God laat soms genadiglik toe dat 'n persoon sterf – selfs 'n regverdige persoon – om 'n toekomstige tyd van swaarkry gespaar te word. Hierdie is ook 'n belangrike begrip om te verstaan. “Die regverdige kom om, en daar is niemand wat dit ter harte neem nie; en die vromes word weggeruk sonder dat iemand daarop let; want die regverdige word weggeruk vanweë die boosheid” (Jesaja 57:1), of, soos die Nuwe Lewende Vertaling dit stel, “... om aan boosheid te ontkom”. Desnieteenstaande, genees God *wel* dikwels. *Waarom?*

## Om genade te bewys

Ten spyte van alles is ons God 'n barmhartige en genadige Vader wat weet waaruit ons saamgestel is, wat ons fisiese swakhede en ons broosheid ken (Psalm 103:14). Jesus Christus Self het gekom sodat ons “lewe en oorfloed kan hê” (Johannes 10:10). Hy het Sy lewe opgeoffer vir ons sondes en Hy het ook Sy liggaam aangebied om gebreek te word vir ons siektes – vir ons genesing (1 Petrus 2:24). Ons lees dat toe Jesus die groot skare sien wat Hom volg, het Hy “innig jammer vir hulle gevoel en Hy het hulle siekes gesond gemaak” (Mattheüs 14:14).

Sommige mense dink dat om na God op te sien vir genesing, vir die minderontwikkelde Christene is en dat wonderbaarlike genesings slegs beperk was “tot 'n meer primitiewe tyd” wat minder gesofistikeerd was as ons eie (*Healing*, Francis McNutt, bl. 17, 20). Niks kan egter verder van die waarheid af wees nie! Goddelike genesing is vir God se getroue mense van alle eeue. Baie van ons wat vandag leef, kan getuig in ons eie lewens soos wat Koning Dawid van weleer duisende jare gelede geskryf het: “Dit gaan goed met die mens wat omsien na die swakke. Die Here sal hom red op die dag van nood, die

Here sal hom beskerm en in die lewe hou ... Die Here sal hom bystaan in sy siekte. As hy siek is, sal U hom genees” (Psalm 41:2-4 NV).

God genees ons omdat Hy vir ons lief is en aan ons genade betoon, soos ons na Hom opsien in geloof en gehoorsaam is aan Hom. Net soos enige liefhebbende Vader, put Hy baie vreugde daaruit om aan Sy kinders gawes te skenk wat vir hulle goed is. God het egter ook ander redes vir genesing. *Wat is hulle?*

### As beloning vir geloof

Wanneer ons genesing benodig, doen ons wat vanselfsprekend is? Gaan ons na God en *vra* Hom daarvoor? Jesus Christus het Sy dissipels beveel om tot hulle Vader te bid, “te vra, te soek, en te klop” vir die dinge wat hulle nodig het. Hy verduidelik: “As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” (Mattheüs 7:11).

Die beginsel is: *Dit is nodig dat ons vra!* God wil hê dat ons na Hom moet kom om ons versoeke voor Hom te stel en dan om verligting te vra. Nogtans, soos die skrywers James en Carol Garlow uitwys: “Ironies genoeg, is dit gewoonlik wanneer ons God se helende krag die meeste nodig het, dat ons dit die moeilikste vind om daarvoor te vra” (*God Still Heals*, bl. 20).

Waarom is ons soms bang om te vra? Voel ons verwyderd van God, skaam oor ons sondes? Voel ons onwaardig om God se ontsaglike seëninge te ontvang? Ons moet nie toelaat dat *enigiets* ons daarvan weerhou om God nederig om genesing te vra nie. Indien u genesing nodig het, gaan na God en roep uit tot Hom! Bekeer u van sonde en vra Hom om u te vergewe. Vra Hom om u te help om Hom meer ten volle te gehoorsaam. Maak seker dat Hy weet dat u ernstig is met u versoek. Moet nie moed opgee nie! Leer uit die voorbeeld wat Jesus gegee het van die weduwee wat volhard het (Lukas 18:3-7).

Die profeet Hosea het die ongehoorsame nasie van Efraïm streng bestraf omdat hulle 'n uitwendige vertoon van godsdienstigheid gehad het, *maar nie werklik uit hul hart uit gebid het nie!* “Ook roep hulle nie van harte na My nie, maar jammer op hulle bedde” (Hosea 7:14). Indien ons desperaat antwoorde op ons gebede benodig, behoort ons werklik 'n hartstogtelike poging aan te wend om nader aan God te beweeg.

Om God *in geloof* te vra, beteken ook om Sy antwoord te aanvaar – *maak nie saak wat dit mag wees nie!* Sommige mense aanvaar dat indien God nie hul versoek toestaan nie, Hy nie hul gebede verhoor het nie. Verslaggewer William Lobdell is die skrywer van *Losing My Religion: How I Lost My Faith Reporting on Religion in*

*America – And Found Unexpected Peace*. Die boek beskryf sy reis van ongeloof na hoofstroom Christelikheid, dan terug na ateïsme. In 'n onderhoud wat met hom gevoer was oor sy boek, het Mnr. Lobdell gesê: “'n Groot keerpunt in my ommekeer van bekering het gekom omdat daar geen wettige studies is om te bewys dat gebed wel werk nie” (“*Losing his religion, finding peace*”, *Charlotte Observer*, 7 Maart 2009).

Werk gebed nie? Uit wie se oogpunt? Gaan gebed slegs oor wat ons wil hê – of gaan dit eerder oor ons soeke na *God se wil eerder as ons eie*? Alhoewel die apostel Paulus God drie maal gesmeek het om hom te genees van die “doring in sy vlees”, kom dit tog voor asof God gesê het: “Neel!” Het Paulus gereageer deur sy “godsdienste verloor”? Geheel en al nie! Hy het in die geloof aanvaar dat God se wil oorheersend is. “Daarom het ek behae in swakhede, in mishandeling, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk” (2 Korintiërs 12:10).

Dawid was 'n man van God wat vuriglik en herhaaldelik gebid het dat God hom moes verlos. Hy het uitgeroep tot God: “Keer terug, HERE, red my siel; **v e r l o s m y o m u** goedertierenheid ontwil. Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?” (Psalm 6:5-6). Wat het Dawid werklik gesê? Hy het eintlik aan God gesê: “Ek wil

graag langer tyd hê om volgens U weg te lewe, Here. Ek wil graag meer tyd hê om U werk te doen. Ek wil graag meer tyd hê om, in my lewe, my aan U wil te onderwerp". Wanneer ons God vra om genesing en verlossing, probeer ons werklik om nader aan Hom te kom? Vra ons Hom dalk slegs om ons pyn weg te neem?

Die apostel Jakobus verduidelik wat die rol van God se leraars is in ons genesing. Wanneer ons goddelike genesing nodig het, beveel die Skrif dat ons Sy leraars moet laat kom en vra om gesalf te word. "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word" (Jakobus 5:14-15). Daar is geen magiese krag in die leraar self of in die olie wat hy gebruik om mee te salf nie. Dit is God wat die genesing laat plaasvind, ongeag of die leraar self sy hande op die sieke lê, of slegs 'n gesalfde lappie aan die sieke stuur. Indien u God se genesing nodig het, moet nie huiwer om met een van God se ware leraars in verbinding te tree om berading en salwing aan te vra nie.

### Om Homself te openbaar

In die afgelope dekades het baie mense in ons Westerse nasies belang verloor in God en

baie het heeltemal tred verloor met Hom. 'n Onlangse artikel in die *Associated Press* beskryf hierdie kommerwekkende tendens: "n Wyduiteenlopende opname oor Amerikaanse godsdienstige lewe ... het bevind dat die persentasie Christene in die nasie afgeneem het en meer mense sê dat hulle geen godsdiens beoefen nie" ("*More Americans say they have no religion*", 9 Maart 2009). Die navorsers het bevind dat die persentasie persone wat aandui dat hulle "geen godsdiens beoefen nie" bykans verdubbel het in die jare tussen 1990 tot 2009. Met ander woorde, groter getalle mense in ons moderne wêreld erken dat hulle God eenvoudig nie ken nie!

Nogtans het God in antieke tye wonderwerke, soos goddelike genesing, verrig om te openbaar wie Hy is! Toe God Israel verlos het uit Egiptiese slawerny, moes Hy Homself – insluitende Sy mag – weer bekend maak aan 'n ongelowige en skeptiese nasie. Bykomend tot die openbaring van Sy Sabbat, Sy Heilige Dae en Sy Gebooie, het God Homself openbaar deur *dade van wonderbaarlike genesing*.

Toe Moses en die Israeliete by Mara aangekom het, het hul gevind dat die waters aldaar bitter en ondrinkbaar was. God het egter die waters genees en aan die volk gesê: "As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op

jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak" (Eksodus 15:26).

Moontlik het u 'n beslissende keerpunt in u lewe beleef toe God u dramatiese genees het of beskerm het teen 'n verskriklike ongeluk. Vir baie mense is 'n gebeurtenis soos dit een van die eerste en kragtigste tekens dat God hulle tot bekering en doop roep. Daar is niks soos 'n bonatuurlike genesing om ons te laat besef dat God betrokke is in ons lewens nie. Dit trek werklik ons aandag!

Indien God u in die verlede genees het, wees dankbaar. Bedank Hom daarvoor en dink na oor waarom God u genees het. Hy mag u uit 'n ongelowige geslag geroep het na 'n hegte en meer gehoorsame verhouding met Hom (Johannes 6:44).

### Om aandag te vestig op Sy Werk

Jesus Christus het verstommende wonderwerke verrig toe Hy op hierdie aarde was. Een rede waarom Hy Sy dramatiese genesings gedoen het was om die aandag te vestig op Sy Werk om die Evangelie te verkondig. Johannes se dissipels het na Christus gekom en Hom gevra of Hy wel die Messias is. Let op hoe Hy reageer het: "En in dieselfde uur het Hy baie mense genees van siektes en kwale en bese geeste, en aan baie blindes die gesig geskenk. En Jesus

antwoord en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig” (Lukas 7:21-22).

Bybelse profesie toon aan ons dat vals leraars teen die eindtyd misleidende wonderwerke sal doen (Mattheüs 24:24). Die Skrif profeteer die verskyning van 'n “wettelose” mens (NV) wat sataniese “tekens en wonders van die leuen” sal verrig (2 Thessalonicense 2:9) en diegene sal mislei wat nie werklik tot die liefde van die Waarheid gekom het nie. Hierdie bose persoon sal in staat wees om “ook groot tekens [te doen], sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense” (Openbaring 13:13).

Christus het egter aan Sy dissipels vertel dat hulle bemaatig sal word om werklike wonderwerke van God te verrig – insluitende die genesing van siekes (Markus 16:18). Hierdie wonderwerke sal in die konteks wees van verkondiging van die Evangelie en voorbereiding vir die wederkoms van Christus na die aarde. “En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal

hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word” (Markus 16:15-18).

Hoe sal u in staat wees om te onderskei tussen die “tekens en wonders van die leuen” en die wonderwerke van God se getroue, ware dienaars? God se ware wonderwerke laat die klem val op die Werk om die ware Evangelie te verkondig. Hulle bevestig die waarheid van die Bybel. God se wonderwerke vestig ons aandag op Sy boodskap wat deur Sy ware dienaars verkondig word. Satan se “wonderwerke” probeer om ons aandag af te lei van God se Waarheid. Moet nie toelaat dat u gefop word deur “wonderwerke” wat poog om die duidelike, eenvoudige waarheid te misken wat deur Jesus verkondig en in u Bybel aangeteken is nie!

### Om Sy kinders te toets

Kan genesing 'n toets wees? Indien u daarvoor nadink, kan groot seënige soms 'n onverwagte toets wees. In die geval van goddelike genesing mag die beproewing en toets nie eindig wanneer ons genees is nie. Nadat God ons gesond gemaak het, behoort ons onself af te vra: Het ons lewens verander? Indien ons beloftes aan God gemaak het toe ons gely het, het ons daardie beloftes gehou en blywende verandering in ons lewens aangebring? Of, nadat God ons

uit ons pyn verlos het, het ons moontlik maar weer teruggeval in ons ou gewontes en gesindhede?

Moontlik het u dit self waargeneem – iemand word dramaties genees van 'n ernstige siekte, om na 'n paar maande of jare van blakende gesondheid, weer weg te dryf van God se manier van lewe af, of om selfs hoegenaamd nog in God te glo. Wat is die les? Fisiese genesing waarborg nie geestelike groei nie, nogtans is geestelike groei en diepte uiteindelik God se doel met die beproewings en toetse wat ons ervaar.

Terwyl Jesus deur Samaria en Galilea gegaan het, het Hy 'n dorpie binnegegaan waar tien melaatses gewoon het. Terwyl Hy nader gekom het, het hul uitgeroep om genade. Hulle het om verlossing van hul gevreesde siekte gesmeek. Jesus het reageer deur te sê: “Gaan vertoon julle aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan, het hulle rein geword. En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met 'n groot stem verheerlik” (Lukas 17:14-15).

Dink net! Nadat hulle deur hierdie verskriklike en ongeneeslike siekte aangetas was, was al tien skielik en wonderbaarlik daaruit verlos. Hul lewens het skielik en dramaties ten goede verander! Slegs *een* van die tien melaatses het egter moeite gedoen om terug te draai en God vir sy wonderbaarlike genesing te bedank. Wat van ons? Hoe

gou vergeet ons ons wroeging en ontsteltenis – en die beloftes wat ons aan God gemaak het – sodra ons uit 'n beproewing verlos is? Hoe belangrik is dit egter om dankbaarheid en eer aan God te bewys asook vernuwing van ons verbintenis en gehoorsaamheid aan Hom wanneer Hy ons seën – met inbegrip van goddelike

genesing.

Dus, waarom skenk God genesing? Deur Homself te openbaar, om die aandag te vestig op Sy Werk, asook om Sy mense te beproef. Hy genees omdat Sy seuns en dogters Hom daarom vra in geloof en gehoorsaamheid, Hy genees uit Sy onbeperkte genade en goedertierenheid.

Het u tans 'n gesondheidsprobleem wat u laat ly? Benodig u goddelike genesing? Indien wel, maak seker dat u nie God daarvoor blameer nie. Sien eerder met dankbaarheid op na Hom vir Sy wysheid en Sy plan, wetende dat Hy Sy wil in u lewe kan en sal volbring namate u na Hom opsien in vertrouwe en gehoorsaamheid. **WVW**

## Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

### Genees God VANDAG?

*Die Bybel toon aan ons dat daar 'n dag kom wanneer siekte-epidemies ons wêreld sal teister. Dokters en hospitale sal oorval word deur siekes en sterwendes. Diegene wat nie geleer het om op God te vertrou nie, sal geen heenkome hê nie. Indien u egter vandag leer om op God te vertrou en Hom gehoorsaam, sal u geseënd wees, moontlik selfs meer as wat u beseef!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!



# Bybelse beginsels van gesondheid

Deur Douglas S. Winnail

**Is gesondheid 'n middel tot 'n doel, of is dit 'n doel opsigself? Hoe kan ons gesondheid vind en behou in ons moderne wêreld?**

Vir baie eeue was die strewe om gesond te bly, 'n middel tot 'n doel – om te kan oorleef, om 'n verdienste te kan hê, om 'n gesin te kan grootmaak, of om een of ander edel doel te kan bereik. Vandag het die strewe om gesond te bly, 'n doel opsigself geword – vind die ideale dieet, of die doeltreffendste oefening om 'n volmaakte liggaam te ontwikkel. Vir baie vandag het gesondheid en liggaam ons moderne gode geword.

In die nastrewing van liggaamlike volmaaktheid, soek miljoene mense eindeloos na die nuutste gesondheidsgeheime. Mense spandeer enorme hoeveelhede geld aan regstellings, inspuittings, voorskrifte en prosedures – selfs aan persoonlike afrigters! Ander luister weer na ghoeroes. Andere weer is op die uitkyk vir spesiale voedingstowwe of die wondergeneesmiddel! In die loop van een jaar sal Amerikaners meer as 'n biljoen dollars spandeer aan gesondheidsorg en meer as 'n miljard aan aanvullings en alternatiewe mediese behandelings – nogtans is hulle by verre nie die gesondste mense in die wêreld nie!

Meer as 60% Amerikaners

is oorgewig en meer as 30% is vet. Miljoene ly aan hartkwale, kanker, beroerte, suikersiekte en ander kwale. Miljoene mense neem verdowningsmiddels vir geestesongesteldhede. In ander ontwikkelde lande is die storie soortgelyk. Vir baie mense is die moderne, allesverterende najaging van gesondheid 'n duur en nimmereindigende soektog na 'n “heilige graal”, wat dikwels faal om die gesondheid en gemoedsrus te bring wat mense so naartiglik begeer.

Ons behoort te vra “waarom?” Is daar deesdae 'n verlore dimensie in ons lewens soverre dit ons najaging van gesondheid aangaan? Die Westerse wêreld het 'n verdraaide perspektief ten opsigte van gesondheid ontwikkel omdat ons die rigsoer wat ontwerp is om aan ons balans in hierdie wesenlike gebied te gee, verloor het. Ons word meegesleur van een uiterste na die ander – van medikasie na kruie, van chirurgie na “masserende energiestrome” – want ons het die spoor bystergeraak van die basiese riglyne wat deur ons Skepper voorsien is in Sy bedryfshandleiding vir mense – die Bybel. Omdat die vals god van gesondheid die God van die

Bybel vervang het, besef die meeste mense vandag nie dat die ware God – die Skepper van die heelal en Ontwerper van die menslike liggaam – baie gemoed is met menslike gesondheid nie. Dinsy verse in die Bybel is gewy aan hierdie onderwerp. Alhoewel sommige mense fanatici geword het in 'n misleide poging om 'n godsdiens van gesondheid te maak, is dit waar dat die Bybelse beginsels van gesondheid belangrik, redelik – en besonder prakties is!

Die Bybel is nie 'n handboek oor gesondheid en voeding nie. Nogtans voorsien God in die Skrif die basiese beginsels om aan ons persoonlike voorkeure leiding te gee op maniere wat gesondheid sal bevorder en siektes sal voorkom. In antieke Israel was dit die werk van die priesters en die Leviëte – nie dokters, gesondheidskundiges of wetgewers nie – om die basiese voorskrifte te gee en die rigting van die nasionale gesondheidsbeleid te bepaal. Terwyl ons 'n aantal Bybelse gesondheidsbeginsels ondersoek, sal ons vasstel hoe eenvoudig en nogtans byderwets hierdie inligting is – selfs al was dit duisende jare gelede geboekstaaf! God

openbaar fundamentele waarhede in die Bybel wat die mediese wetenskap duisende jare geneem het om te bevestig. Ongelukkig besef baie teoloë nie die waarde van die gesondheidsbeginsels wat in die Bybel opgeteken is nie – gevolglik het hulle in gebreke gebly om 'n belangrike Godgegewe funksie te verrig!

### Rein en onrein vleis

Moontlik die bekendste Bybelse gesondheidswette, wat die minste verstaan word, wentel om rein en onrein vleis (Levitikus 11, Deuteronomium 14). Mense verwys dikwels hierna as “Joodse” voedselwette, omdat dit nog steeds nagevolg word deur Ortodokse Jode – alhoewel Moslems en ander volke dieselfde voedselbeperkings volg. Baie teoloë beweer dat hierdie Bybelse riglyne nie gegee was om gesondheidsredes nie, maar dat dit slegs kultiese gebruike was wat ontwerp was om die antieke Israeliete af te sonder van ander volke. Ander verkondig weer dat hierdie opdragte gegee was aan mense wat geleef het onder die Ou Verbond en dat dit Christene, wat onder die Nuwe Verbond leef, vry is om te eet wat hul wil. Ander redeneer weer dat Bybelse voedselbeperkings verspot en oudmodies is en dat dit slegs ontwerp is om die menslike vryheid en genot in te perk!

Hierdie algemeen aanvaarde idees is gegrond op

onkunde. Die meeste teoloë het geen of baie min opleiding in biologie, ekologie, mikrobiologie, parasitologie, epidemiologie of openbare gesondheid, nogtans openbaar kennis in hierdie velde die wysheid agter die wette rakende rein en onrein voedselsoorte. Baie onrein diere is aasvreters (soos bv. slakke, krappe, krewes en seemeeu); hul ekologiese rol is om dooie plante en diere te verorber. Ander onrein diere verkry hul voeding deur filtrering (bv. weekdiere soos mossels en oesters); hul ekologiese rol is om water in mere, strome en riviermondings te reinig. Nog ander onrein diere is roofdiere (soos leeu, slange en krokodille); hul ekologiese rol is om die getalle en gesondheid van ander dierbevolkings te beheer. Daar is baie belangrike ekologiese redes waarom die onrein diere wat deur God geskape is, nie as voedsel vir mense moet dien nie. God het hulle vir 'n ander doel geskep!

Daar is ook nog baie ander belangrike gesondheidsredes vir hierdie beperkings. Baie onrein diere is draers van parasiete wat ernstige gesondheidsrisiko's vir mense inhou. Varke, bere, eekhorinkies en wasbere is draers van triginose en ander siektes. Aasvreters soos krappe en krewes kan long- en lewerslakke oordra. Menslike bevolkings wat gereeld hierdie diere verorber, het dikwels 'n baie hoë graad van parasitiese besmetting. Weekdiere wat hul voedsel deur filtrering verkry, soos mossels en

oesters, kan hoë konsentrasies toksiese swaarmetale, patogeeniese bakterieë en virusse bevat, wat hulle as voedsel vir menslike gebruik gevaarlik maak. Wanneer u hierdie diertjies eet, eet u in werklikheid die organismes wat God ontwerp het om die natuur se “skoonmakers” te wees. Sou u graag die inhoud van u stofsuikersak of u vullisblik wou eet? Tog seker nie! Nogtans word baie “fynproewerdisse” van hierdie diere gemaak, in salige onkunde van die risiko's wat daaraan verbode is.

Ver daarvan om verouderde regulasies van die Ou Verbond te wees, is die Bybelse wette rakende rein en onrein vleis geïnspireer deur 'n God wat alle dinge vir 'n doel geskape het – 'n God wat besorg is oor bevordering van gesondheid en voorkoming van siektes! Die vermyding van onrein vleis is 'n basiese stap in die voorkoming van ernstige parasitiese ongesteldhede wat honderde miljoene mense oor die aarde heen teister. Wanneer ons eet wat God ons verbied om te eet, doen ons dit tot ons eie nadeel! Tog so jammer dat moderne teoloë nie die waarde van hierdie kragtige openbare gesondheidsbeginsels verstaan nie – nog minder verstaan baie belydende Christene dit. Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, vra asseblief om 'n gratis kopie van ons herdrukte artikel, *Wil u dit werklik graag eef?*

### Bybelse dieetwette

Die Bybel bevat ander belangrike opdragte wat die mediese wetenskap eers onlangs begin verstaan het. Moses was geïnspireer om te skryf dat bloed en vet – selfs van rein diere – nie gebruik mag word as menslike voedsel nie (Levitikus 3:17; 7:23-26; Genesis 9:4), nogtans is in sommige kulture die eet van bloedwors, “*fatback*” en 'n mengsel van bloed en melk, algemene gebruike. Die bloed van diere mag bakterieë en virusse bevat wat siektes kan oordra. Hierdie belangrike Bybelse beperking was ontwerp om die verspreiding van siektes te voorkom.

Die verbod op die verorbering van sigbare vet is net so belangrik – veral hoe dit ons moderne dieet raak. Een van die belangrikste ontdekkings deur epidemiologiese studies wat uitgevoer is gedurende die laaste 50 jaar, was die skakel tussen hoëvet diëte en hartkwale, beroertes en verskeie soorte kankers. Hierdie is die grootste oorsaak van dood in lande waar groot hoeveelhede vetterige kos – soos hamburgers, aartappelskyfies, driedubbelde melkskommels, roomys en swaar slaïsouise – verorber word. Baie algemene kosse – spek, worsbroodjies, kaas en smere – kan tot 50% vet of meer, bevat. Hoëvet diëte is ook hoë kalorie diëte wat bydra tot gewigsprobleme in ons hedendaagse samelewing. Die mediese wetenskap het

uitgevind dat oormatige inname van vet skadelik is, nogtans het God dit reeds duisende jare gelede aan Moses geopenbaar! Dit is 'n tragedie dat hierdie Bybelse inligting al vir so lank geïgnoreer word.

In Genesis lees ons dat God aan die mensdom vrugte, groente en graankosse, tesame met rein vleis, as voedsel gegee het (Genesis 1:29, 2:16; 9:3). Vrugte, groente en heelgraan bevat vesel en ander komplekse koolhidrate. Voedingkundiges het eers gedurende die afgelope dekades die waarde van hierdie stowwe begin besef. Vesel, wat eens as waardeloos beskou was, gee volume aan die inhoud van die ingewande en speel 'n belangrike rol om die liggaam teen kanker van die dikderm en ander kroniese siektes te beskerm. Komplekse koolhidrate is ook 'n belangrike deel van 'n gesonde dieet omdat dit die vlakke van cholesterol verlaag en sodoende help om hartkwale en beroerte te voorkom.

Nog 'n ernstige probleem met die Westerse diëte is die hoë verbruik van geraffineerde of verfynde koolhidrate. Verfynde koekmeel en suiker is gestroop van lewensbelangrike voedingstowwe. Bevolkings wat groot hoeveelhede verfynde koolhidrate verbruik, ondervind 'n hoër voorkoms van suikersiekte en ander verwante probleme. Nogtans waarsku die Bybel teen hierdie soort eetgewoontes. Salomo was selfs geïnspireer om te skryf: “Het jy heuning gevind, eet tot jy

genoeg het ... Om baie heuning te eet, is nie goed nie ...” (Spreek 25:16, 27). Hoewel heuning 'n “natuurlike” stof is, is dit in 'n mate “verfyn” deur die bye wat dit maak. Nektar wat uit baie blomme versamel word, is die begin van die proses om heuning te vervaardig. Die Bybelse beginsel is om verfynde koolhidrate spaarsamig te gebruik. As gevolg van die geweldige hoë verorbering van koeldranke (meer as 189 liters per persoon per jaar in Amerika), soetgebak, lekkers en vooraf-versoete voedsel, verbruik baie mense meer as 45 kg verfynde suiker per jaar – weereens, tot hul nadeel!

Wanneer hierdie Bybelse beginsels objektief beskou word, stem dit ooreen met die voedingsinligting wat gebaseer is op die jongste navorsing: Verminder die inname van vette, vermeerder die inname van komplekse koolhidrate (vrugte, groente en heelgraan), beperk die inname van vleis en verfynde koolhidrate (kyk na die Voedselgids-piramide gepubliseer deur die regeringsagentskappe van die Verenigde State). Dit is geensins verrassend nie, aangesien die waarheid nie verander nie! God het grondliggende waarhede oor menslike voeding duisende jare gelede tot voordeel van die mensdom geopenbaar – en Hy het daardie inligting toevertrou aan godsdiensteleiers wat die ander moes leer. Dit is 'n somber gedagte om te besef dat die meeste menslike lyding voorkom kon word indien ons

net maar God se voorskrifte gevolg het!

Die Bybel behandel ook o m s t r e d e gesondheidskwessies. Party mense glo dat dit verkeerd is as mense vleis eet. Heidense Griekse filosowe en baie mense in die Ooste het in antieke tye vegetariese idees bevorder. Sommiges argumenteer weer dat, omdat die Bybel nie spesifiek vermeld dat God aan Adam en Eva vleis gegee het om te eet nie, dit nie geëet behoort te word nie. Dit misken die feit dat God – die Gewer van die wette oor rein en onrein vleis – sê: “Dit is die diere wat julle mag eet ...” (Deuteronomium 14:4). Hulle kyk ook die maaltyd oor die hoof wat Abraham berei en voorgesit het aan twee engele en die Een wat Jesus Christus van die Nuwe Testament geword het (Genesis 18:3). Daardie maaltyd het brood, vleis, melk en botter ingesluit (Genesis 18:3-6). Jesus Christus het vis aan Sy dissipels bedien (Johannes 21:9-13). Paulus waarsku Nuwe Testament Christene daarteen om betrokke te raak met vegetariese idees (Romeine 14:2; 1 Timotheüs 4:3). Die Bybel is geskryf om ons te help om gebalanseerd te bly te midde van idees wat tot uiterstes in die dieet kan lei.

### Alkohol en dwelmmisbruik

Alkohol is 'n “rooi vlag” vir baie godsdienstige persone – die duiwel se brousel! Terwyl die Bybel duidelik dronkenskap en misbruik van alkohol veroordeel

(Spreuke 20:1; 1 Korinthiërs 5:11), beveel die Skrif die gebruik daarvan aan vir verskeie doeleindes (Deuteronomium 14:26). Jesus het by 'n bruilof water in wyn verander (Johannes 2:1-11). Paulus het die gebruik van alkohol aanbeveel om gesondheid te bevorder. Hy het aan Timotheüs gesê: “Moenie langer water alleen drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn ter wille van jou maag e n j o u h e r h a a l d e ongesteldhede” (1Timotheüs 5:23). Die sleutel is matigheid (Filippense 4:5). Matige hoeveelheid alkohol bevorder ontspanning, verhoog HDL-vlakke (goeie cholestrol), verlaag die risiko van hartvatsiektes en vermeerder maagsure, wat spysvertering by bejaardes bevorder. Die Bybel voorsien belangrike riglyne vir die gebruik van alkohol wat persoonlike besluite noodsaak wat individuele karakter ontwikkel.

T e r w y l t a b a k e n ontspanningsdwelms nie in die Bybel vermeld word nie, word beginsels wat die gebruik van sodanige middels beheer, duidelik vermeld. Paulus skryf: “Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie?” (1 Korinthiërs 6:19) en “As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle” (1 Korinthiërs 3:17). Die Bybel stel dit duidelik dat ons nie ons liggame mag beskadig nie – wat

dwelmmisbruik (of die gebruik daarvan wettig is al dan nie), wel duidelik doen. Hierdie Bybelse beginsels is voorkomend van aard en enigeen met gesonde verstand kan dit insien. Om toe te gee aan die drang na alkohol, tabak of dwelms is 'n vorm van afgodediens en wellus – dit verbreek verskeie van die Tien Gebooie. Bybelse beginsels van gesondheid is nie bedoel om menslike genietinge te kortwiek nie, maar is ontwerp om te verseker dat daardie genietinge positiewe en aangename ondervindings sal wees.

### Oefening ook!

Regdeur die geskiedenis is baie mense daartoe gelei om te glo dat Christene 'n rustige, besadigde lewe van gebed, Bybelstudie en meditasie moet leef. Jesus Christus het egter nie as 'n monnik in 'n klooster na hierdie aarde gekom nie, maar as 'n timmerman in 'n era sonder kraggereedskap! Hy het vissers soos Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes gekies, wat nie dieselaangedrewe windasse gehad het om hul nette mee in te trek nie! Jesus het Sy eerste dissipels geroep om Hom te “volg”, (Mattheüs 4:19; Johannes 7:17; 11:54), wat toe honderde kilometers te voet per jaar ingesluit het. Hierdie voorbeelde is belangrik, aangesien hierdie fisiese aktiewe lewenswyse hul gesond gehou het en aan hulle die uithouvermoë voorsien het om hul missie te voltooi.

Die apostel Paulus beveel

aan dat, alhoewel ons primêre fokus op geestelike dinge moet wees, “liggaamlike oefening ... tot weinig nut [is]” (1 Timotheüs 4:8). Dit is presies wat moderne navorsing uitwys. Oefening moet op 'n gereelde basis geskied, want die voordeel daarvan is slegs tydelik! Hierdie voordele is egter noodsaaklik – dit verlaag cholestrolvlakke, hoë bloeddruk en spanning; en voorkom suikersiekte, hartkwale asook 'n magdom ander probleme.

### 'n Geestelike dimensie

Een van die mees interessantste ontwikkelings in gesondheidsopvoeding is die erkenning van wat “geestelike gesondheid” genoem word. Hierdie studieveld erken die wesenlike rol wat oortuigings en waardes speel in die beïnvloeding van gedrag en gesondheid. Individue wat in

God glo, gereeld kerkdienste bywoon en sterk morele oortuigings het, is minder geneig om te rook, drank te misbruik of betrokke te wees in losbandige seksuele aktiwiteite. Die Bybel brandmerk hierdie soort gedrag as sonde – wat vermy moet word! Net soos Bybelse voedingsriglyne, is die Bybelse verbod op vraatsugtigheid, lamsakkigheid, dronkenskap en seksuele losbandigheid vandag vir ons belangrik – en val binne openbare gesondheidsriglyne vir 'n gesonde lewe. Bybelse beginsels vir gesondheid staan in skille kontras teenoor die misleide waardes van ons permissiewe “indien dit goed voel, doen dit” samelewing! Wanneer Bybelse waardes deur die gesin onderrig word en deur kerke en skole versterk word, is individue meer geneig om positiewe gedrag te ontwikkel, wat gesondheid bevorder en siekte voorkom.

Ten opsigte van gesondheid is daar baie meer in die Bybel as slegs 'n lys van “moets en moenies”. Terwyl baie mense vandag God se opdragte uit die oog verloor en van gesondheid 'n doel opsigself gemaak het, voorsien die Bybel meer diepliggende redes vir ons keuses in die lewe. Ons leer uit die Skrif dat ons na die beeld van God geskape is (Genesis 1:26), dat ons verantwoordelik gehou sal word vir ons dade. “Verheerlik God dan in julle liggaam” (1 Korinthiërs 6:20). Ons liggame is egter nie gemaak om vir ewig te hou nie (Psalm 39:5; Jakobus 4:14; Hebreërs 9:27). Ons werklike uitdaging is om te leer dink soos God, om 'n karakter soos Syne te ontwikkel (Filippense 2:5) en om liefde aan andere te betoon (Johannes 15:17). Hierdie lewe is slegs maar 'n opleidingsveld vir 'n wonderlike toekoms (1 Korinthiërs 9:24-27). Indien ons

# Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

*Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie?*

*Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

leer om God se opdragte te volg en behoorlik om te sien na wat God aan ons geskenk het, sal ons 'n beloning ontvang wat heerskappy saam met Jesus Christus insluit, wanneer Hy weer kom om Sy Koninkryk op hierdie aarde te vestig (Openbaring 5:10). Dit is die Evangelie (Markus 1:14-15)!

Die heiliges wat saam met Christus sal regeer, sal funksioneer as leraars (Jesaja 30:20-21) wat God se wette sal verduidelik – insluitende hierdie belangrike Bybelse gesondheidsbeginsels – aan die hele mensdom (Jesaja 2:2-4). As gevolg van hulle inspanning,

sal “die aarde ... vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9), en gesondheidstoestande sal dramaties oor die hele aarde verbeter (verwys na Jesaja 35:5-7; Jeremia 30:17). Daar is grondige redes waarom daar geleer moet word om volgens die Bybelse beginsels te lewe wat deur ons Skepper geïnspireer is. Hy is besig om ons voor te berei om Hom by te staan om die gang van menslike geskiedenis te verander, die plaag van siektes uit te skakel en 'n lewenswyse te bevorder wat nie net tot fisiese, geestes- en

geestelike gesondheid lei nie, maar ook tot ewige lewe!

Moet nie mislei word nie! Gesondheidsbeginsels is 'n belangrike deel van Bybelse godsdiens. Hulle is fundamentele sleutels – deur ons Skepper geopenbaar – om gesondheid te bevorder en siektes te voorkom. Wanneer dit reg verstaan, verduidelik en toegepas word, is hierdie beginsels 'n ongelooflike seën vir die hele mensdom. “Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan” (3 Johannes 2). [WVW](#)

## God se Kerk deur die eeue

*God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat “die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie” (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.*

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** In Mattheüs 18:20 sê Jesus: “Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde”. Beteken dit dat individuele Christene vir hulself kan besluit wanneer en waar hulle op die jaarlikse Heilige Dae en op die weeklikse Sabbatte kan aanbid?

**ANTWOORD:** Om hierdie vers te verstaan, behoort ons dit in die konteks daarvan te lees. Verse 18-19 toon dat die onderwerp onder bespreking gaan oor amptelike bedienaars se bindende beslissings oor geskilpunte, nie oor individuele Christene se samekomste nie. Selfs die uitdrukking “in My Naam” dui aan dat die samekoms Christus moet verteenwoordig. Wat sê die Skrif aan ons oor Christene wat saamkom om te aanbid op die weeklikse Sabbat en die jaarlikse Heilige Dae?

Christene behoort nie hul onderlinge byeenkoms te versuim nie (Hebreeërs 10:25). Dit is 'n algemene beginsel, maar veral met betrekking tot dae van aanbidding.

Ons behoort te aanbid op die dae wat God “heilig” verklaar het (Levitikus 23). Ons word aangesê om te aanbid op 'n plek wat God aangewys het (Deuteronomium 16:13-16). 'n Herder se kudde kan hulself nie voed nie en God se mense behoort byeen te kom op 'n plek wat Hy uitgekies het om hul te voed. Diegene wat om een of ander rede nie byeen kan kom saam met ander Christene nie, moet ten minste seker maak dat hul gevoed word deur God se woord deur middel van die voeding wat Hy voorsien.

Die Sabbat en jaarlikse Heilige Dag samekomste moet “vierdae” wees (Levitikus 23).

Mense verstaan dikwels die woorde “uitroeping van heilige vierdae” verkeerd en beskou dit maar net as nog 'n uitdrukking vir “vergadering of byeenkoms”. Kyk nogtans na die definisie van “belê, oproep of saamroep” van *Webster's New Collegiate Dictionary*: “Om 'n vergadering byeen te roep”. Hierdie woordeboek lys die volgende sinonieme: *Ontbied, dagvaar, afkondig, aansê, belê, byeenroep, saamroep, vergader* – wat bedoel, “vereis die teenwoordigheid”. Met ander woorde, iemand moet die uitroeping tot die byeenkoms doen. Aangesien hierdie egter 'n heilige sameeroeping is, aan wie het God die outoriteit verleen om so 'n byeenkoms saam te roep?

Die Hebreeuse woord wat in Levitikus 23 vertaal word as “samekomste”, is “*miqrâ*”. *The Expository Dictionary of Bible Words* stel dit so: “Die woord beteken letterlik 'konvokasie' of 'n 'uitgeroepte

byeenkoms””. *The Theological Wordbook of the Old Testament* gee die betekenis van die woord *miqrâ* as volg aan: “Die mees algemene betekenis word gereserveer vir die sewe spesiale uitgeroepte Sabbatte ... Sodanige dae (asook die weeklikse Sabbatte) het 'n formele sameeroeping behels van mense om, met die geskal van trompette, te aanbid”.

Ons sien 'n verder uitgebreide betekenis daarvan wanneer ons lees: “Dit is die feestye van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd” (Levitikus 23:4). Die woord “uitroep” is vertaal uit die Hebreeuse woord *miqrâ*, wat ook vertaal kan word as sameeroeping in die sin van aankondiging en kom omtrent 80 keer met hierdie betekenis in die Skrif voor.

God werk altyd deur Sy bediening – of dit nou deur die priesterorde in die Ou Testament was, of deur die verordende dienaars in die Nuwe Testament. Dwarsdeur die Skrif was dit nooit aan individue oorgelaat om vir hulself te besluit wanneer en waar die heilige byeenkomste gehou moes word nie. Netso roep die amptelike bediening ons huidig uit om te aanbid en kondig die besondere plek van samekoms aan.

Daar is sekerlik geleentheid wanneer 'n persoon nie in staat is om na 'n aangeduide plek van byeenkoms te reis nie en God maak daarvoor voorsiening. Dit mag byvoorbeeld vir die vrou nie moontlik wees om na die Huttefees te reis nie as gevolg van kindergeboorte, derhalwe het God aangekondig dat ten minste al die mans moet gaan (Deuteronomium 16:16). God is 'n God van liefde en erbarming en verwag nie van Sy mense om te reis wanneer hulle siek of andersyds ongesteld is nie.

Dieselfde beginsels geld vir die weeklikse Sabbat. Indien 'n persoon te ver van 'n heilige byeenkoms woon, kan God se dienaars reëlings tref sodat die verafgeleë gemeentelede klank of videokopië van preke of aanbiddingsdienste ontvang. Dit is egter noodsaaklik dat ons die Bybelse voorbeeld onthou – dit is God se bediening, nie van individuele gelowiges aan wie magtiging verleen is om die plek van aanbidding te bepaal nie. Om meer te leer oor hierdie onderwerp, vra asseblief ons gratis boekies, *Watter Dag is die Christelike Sabbat?* en *Die Heilige Dae – God se meesterplan*, aan. **WvM**

# Profesie neem

## Tekens van rampspoed Daar Onder?

Wat is werklik besig om in die land “Daar Onder” te gebeur? Suid-oostelike Australië het vroeg in Februarie 2009 een van die ergste natuurrampe wat nog ooit geboekstaaf is in dié land se geskiedenis, beleef. Nie lank nadat die nasie van sy ergste oorstromings in dekades beleef het nie, was dit verwoes deur 400 wegholvure, aangedryf deur 80 kilometer-per-uur winde op dae wat die temperature tot bo 115° F [meer as 44° C] gestyg het. Vure het meer as 1,100 vierkant myl [2,850 vierkante kilometer] horingdroë platteland afgebrand. Dit het verskeie dorpe vernietig, 1,500 huise afgebrand en ook meer as 200 mense en miljoene diere gedood. Inwoners wat voor die voortsnellende vure uitgevlug het, het vlammemure van hoër as dertig meter beskryf, wat 'n dreungeluid soos dié van 'n groot goederetrein gemaak het. Mense wat die vuurstorms aanskou het “sê die inferno was soos 'n kernbom”, na gelang bloekom- en gombome (wat vlambare olies bevat) letterlik “ontploff” het (*International Herald Tribune*, 9 Februarie 2009). Satellietfoto's toon groot dele van suid-oostelike Australië toe onder die rook. Die omvang van die ramp het die nasie geskok. Persberigte oor Australië se “week in hel” en reddingswerkers beskryf die

tonele as “afskuwelik ... aaklig ... hartverskeurend”.

Daarna, op Vrydagaand, 6 Maart, slegs ongeveer drie weke na die rampspoedige vure, tref drie aardbewings op een dag die gebied rondom Melbourne, Australië se tweede grootste stad. Die aardbewings, wat in sommige gebiede soos ontploffings geklink en geboue geskud het, was die grootste wat die Melbourne streek in 36 jaar getref het (*Herald Sun*, 8 Maart 2009). Inwoners wat naby die vuurgebiede woon en die aardbewings beleef het, peins oor die vraag: “Wat nou?”

Terwyl Australiërs soek na die oorsake van die skielike vuurstorm-katastrofe en terwyl hulle probeer verstaan waarom hulle geskud word deur aardbewings, is dit nogal insiggewend om te sien wat genoem word en wat geïgnoreer word. Die Bybel bied 'n ontstellende perspektief oor wat aan die gebeur is in Australië. Die Skrif dui aan dat die katastrofiese toestand geskep deur sterk winde, stygende temperature en 'n ernstige droogte wat saamgewerk het om 'n “volmaakte vuurstorm” te veroorsaak in suid-oostelike Australië – en die skielike reeks van aardskuddings – moontlik nie net toeval kon gewees het nie – veral wanneer ander tendense in die Australiese samelewing in aanmerking

geneem word. Ongelukkig het ons moderne wêreldlike samelewing vergeet wat vorige geslagte eenmaal geweet het, dus word die werklike betekenis van belangrike tendense nie raakgesien nie. 'n Eeu gelede het 96 persent Australiërs hulle as Christene geïdentifiseer. Vandag beskou slegs ongeveer 62 persent hulself as Christene, meer as 20 persent bely geen godsdiens nie en slegs 7.5 persent doen die moeite om weeklikse kerkdienste by te woon. Die afname van Christelike godsdiens se invloed in Australië is alombekend.

Die Bybel openbaar dat God 'n plan het wat Hy gaan uitvoer (Jesaja 46:8-10). Lank gelede het Moses die Israeliete gewaarsku dat, indien hulle God se wette sou gehoorsaam, hulle geseën sou word, maar indien hulle verkies om Sy instruksies te verwerp en ongehoorsaam te wees, Hy vloeke oor hulle sal bring (Deuteronomium 28:15-68). Daardie vloeke sluit in dat die hemel soos koper en die aarde soos yster sou word en die reën verander sou word tot poeier en stof “totdat jy verdelg is” (Deuteronomium 28:22-24). Jesus voorspel dat “... hongersnode ... en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke” deel sal wees van die tekens wat die naderende einde van hierdie tydvak en Sy wederkoms sal aankondig



# gestalte aan

(Mattheüs 24:7). Deur die eeue heen het God profete gestuur om Sy volke te waarsku dat hulle ongehoorsaamheid ernstige gevolge gaan hê. God het deur die profeet Jeremia gewaarsku, “o huis van Israel ... Ek maak onheil gereed teen julle, en Ek dink 'n plan uit teen julle ... Nogtans het my volk My vergeet ... hulle ... struikel op al hul weë, op die ou paaie” (Jeremia 18:6-15). Jeremia sê verder: “Waarom het die land te gronde gegaan, is dit verwoes soos die woestyn ... Omdat hulle my wet wat Ek hulle voorgehou het, verlaat het en na my stem nie geluister en daarin nie gewandel het nie ... maar gewandel het agter die verhardheid van hulle hart” (Jeremia 9:12-14). God het aan die profeet Esegïël gesê om “die opstandige nasies ... die kinders van Israel” te waarsku: “Ek [sal] binnekort my grimmigheid oor jou uitgiet en my toorn teen jou laat uitwoed en jou oordeel volgens jou weë en al jou gruwels op jou laat neerkom” en “Onheil op onheil kom ... en hulle sal weet dat Ek die HERE is” (Esegïël 2:3; 7:5-8, 25-27).

## Vergete wette

Een van die fundamentele wette van seksuele moraliteit wat God aan Sy uitverkore volk gegee het om hulle af te sonder van ander nasies, was die

absolute verbod op homoseksuele verhoudings wat, volgens God, 'n gruwel is in Sy oë (Levitikus 18:22; 20:13; Deuteronomium 23:17). Vandag word hierdie goddelike instruksies egter as outyds en onvanpas beskou deur mense wat dink hulle idees is meer rasioneel en verlig – veral in Australië. In die laaste 25 tot 30 jaar het die land “daar onder”, wat eens daarop aanspraak gemaak het om 96 persent Christelik te wees, homoseksualiteit gewettig, dieselfde-geslag huwelike bevorder en die verhoog geword vir die grootste fees om homofiliteit trots te vier in vandag se wêreld, die *Sydney Gay and Lesbian Mardi Gras Parade*. Die mees onlangse viering het 300,000 toeriste na suid-oostelike Australië gelok en miljoene dollars vir die plaaslike ekonomie gegenerer. In verontagsaming van die Skrifte, het bykans 100 predikante en geestelikes verlede jaar die homofiele omverskoning gevra vir die wyse waarop hulle deur die gemeenskap behandel was (*news.bbc.co.uk*, 1 Maart 2008). Hierdie optrede deur geestelike leiers verleen geldigheid aan die profeet Jesaja se waarskuwing, “o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak” (Jesaja 3:12).

Ongelukkig faal die

wêreldlike media om enige verband te sien tussen die feit dat die stede, Melbourne en Sydney, in suid-oostelike Australië lê – die terrein van die vure en aardbewings. Hierdie twee stede bevat ook die grootste homoseksuele gemeenskappe in Australië. Die media bly ook in gebreke om melding te maak van die feit dat die aardbewings plaasgevind het op die vooraand van die *Sydney Gay and Lesbian Mardi Gras Parade* wat duisende homofiele en transvestiete nooi om hulle lewenswyse in die openbaar te vier – asook om geleide staptoere, gemerk as “Sodomitiese” en “Homoseksuele” toere, te onderneem. Die media bly ook in gebreke om die feit te noem dat die verskriklike vuurstorms en die ergste droogte in die nasiese geskiedenis op dieselfde tyd plaasgevind het as wat die Australiese regering dieselfde-geslag huwelike erken en probeer het om Australië die mees “gay-vriendelike” land in die wêreld te maak. Soos een fuiwer by die Gay Mardi Gras dit stel: “Dit is die eerste jaar dat ek die parade bywoon en ek is absoluut mal daaroor” (*Charlotte Observer*, 8 Maart 2009). Lank gelede het Jeremia oor ons hedendaagse tyd geprofeteer: “Hulle kom in die skande, omdat hulle gruwel bedryf het, tog skaam hulle hul nie in die minste

nie en weet nie om te bloos nie” (Jeremia 8:12).

Kritici mag spot en beweer dit is onverdraagsaamheid en mishandeling, nogtans is hierdie Bybelse instruksies en profesieë historiese feite. Bybelse voorspellings waarsku duidelik daar sal ernstige gevolge wees – veral vir Israelitiese volke wat

geroep is om as voorbeelde te dien vir die wêreld – wanneer God se wette geïgnoreer en verbreek word. Australiërs behoort te verstaan dat die werklike redes vir die ergste droogte in die nasie se geskiedenis, die verskriklike vuurstorms en aardbewings, die immorele gedrag, dit is wat God

sê, rampspoedige gevolge sal bring vir nasies wat hierdie soort gedrag goedkeur. In die dae wat voorlê sal ons meer geprofeteerde rampe sien gestalte aanneem – indien Israelitiese nasies voortgaan met hulle val na Sodom en Gomorra.

—Douglas S. Winnail

# Satan se vervalste Christendom

*Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!*

*Dit is lewensbelangrik.*

*Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis moet dra!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

## Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

konings en priesters vir onse God gemaak, en *ons sal as konings op die aarde heers*” (Openbaring 5:8-10).

Ten laaste: “Salig en heilig is

hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal

*saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank*” (Openbaring 20:6).

Dit lyk asof die hedendaagse belydende

Christendom hulself afgesny het van die basiese **rede** waarom die Skepper ons na Sy gelykenis geskape het – om *Sy volwaardige kinders* te word en saam met Christus oor hierdie aarde **te heers** gedurende die toekomstige duisendjarige tydperk! *Dit* is **waarom** ons moet “oorwin” en groei in genade en in kennis. *Dit* is **waarom** ons ons geestelike kragte en talente op elke moontlike manier moet ontwikkel. Indien al wat ons gaan doen sal wees om “heeldag in die hemel rond te rol”, dan sou daar *glad geen nodigheid* gewees het om ware karakter te ontwikkel nie!

Die God van die Bybel het ons geroep om “konings en priesters” in Sy toekomstige regering op hierdie aarde te wees. Daardie roeping gee ons 'n werklike **doel** vir ons lewens. Dit gee ons 'n **rede** om te oorwin, geestelik te groei en om meer soos Jesus Christus te word. Dit gee ook aan ons 'n werklike **rede** waarom ons moet leer om *God se gebooie* en *Sy hele lewenswyse te onderhou*. Binnekort sal egter van ons verwag word om *daardie lewenswyse* aan andere te leer in Christus se toekomstige Koninkryk – **indien** ons werklik “oorwinnaars” is.

*Dit* is die rede waarom ware Christene wat die Bybel *bestudeer en glo*, ag slaan op Skrifgedeeltes soos Openbaring 14:12: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat **die gebooie van God** en die geloof in Jesus **bewaar**”. En: “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die **onderhouding** van die **gebooie** van God” (1Korinthiërs 7:19).

Ongeag van wat die “hoofstroom” kerke verkondig, daar is letterlik *dosyne* heel *verstaanbare, duidelike* Skrifgedeeltes wat aan ons vertel dat ons God se Tien Gebooie as 'n *lewenswyse* moet onderhou. Die meeste predikante weet dat toe die jong man na Jesus Christus gekom en die weg na die ewige lewe gevra het, Jesus geantwoord het: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooie**” en toe begin Jesus om sommige van die Tien Gebooie opte noem (Mattheüs 19:16-19).

“Hoe”, mag u vra, “kan mense moontlik hierdie duidelike opdrag van Christus

aangaande ware Christelikheid omseil?” Die verwarde predikante van “hoofstroom” Christendom systap die saak gewoonlik deur te sê dat Jesus se lering “onder die ou verbond” was. Ons vind egter dat aan die **einde** van die Apostoliese Era, die apostel Johannes nog steeds aan ware Christene die opdrag gee, “en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, **omdat ons sy gebooie bewaar** en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Johannes 3:22).

Die kerke van hierdie wêreld praat dikwels slegs van verskillende vorme van “liefde”. Somtyds liefde vir ander mense in die algemeen, somtyds liefde vir ons naaste en vriende, en somtyds liefde vir sondaars – bekeerd of andersyds. Wat is egter die *Bybel se omskrywing* van Christelike “liefde”? God het die apostel Johannes geïnspireer om die antwoord te gee: “Want dit is die liefde tot God, **dat ons sy gebooie bewaar**; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3).

Kan **enigiets** meer duidelik wees? Nogtans neem ons die skouspel waar van veronderstelde “Christelike” predikante wat herhaaldelik leer dat mens nie **letterlik** die gebooie hoef te gehoorsaam nie, dat Christus se Koninkryk **nie** letterlik op hierdie aarde gevestig sal word nie en dat die *dosyne* spesifieke profesieë oor *ons tyd* – die “tyd van die einde” – eenvoudig vir hulle nie belangrik genoeg is om daarvoor te preek nie!

Ons vind derhalwe dat “hoofstroom” kerke voortgaan met hulle “liefde” en “liewe Jesus” boodskappe – maar hulle **verloën** die ware Jesus Christus van die Bybel wat binnekort sal verskyn as Koning van konings en Here van here om oor hierdie aarde **te regeer** en die ganse mensdom 'n *lewenswyse* te leer wat *op God se Tien Gebooie gebaseer is!* Aangesien hierdie verwarde predikante hulle lidmate daarvan weerhou om profesieë en die ware **betekenis** van wêreldgebeure te verstaan – weerhou hierdie predikante eintlik *miljoene* mense daarvan om die **grootse doel** te verstaan wat tans hier benede uitgewerk word deur die God van die hemel wat die opkoms en val van nasies lei en wat tans gereed maak om Jesus Christus terug te stuur na hierdie aarde as Koning van

konings! Die Almagtige God is op hierdie tydstip besig om Sy “klein kuddetjie” (Lukas 12:32) voor te berei om saam met Christus te *regeer* en om te help om die verskriklike verwarring, lyding, hongersnood, oorlog, smart en *geestelike leegheid* van die mense hier op planeet aarde uit te stryk.

Iewers op hierdie aarde is daar 'n ware “Kerk van God” – *twaalf keer* so genoem in u Nuwe Testament (sien Galasiërs 1:13; 1 Korinthiërs 1:2; 10:32; 11:16; 15:9; 1 Timotheüs 3:15). Hierdie klein maar *baie toegewyde* groep mense sal diegene wees wat “die **gebooie** van God **bewaar** en die getuienis van Jesus Christus hou” (Openbaring 12:17). Hulle sal *ook* diegene wees wat ywerig besig is “om die Werk te doen” wat voorbereiding tref vir Christus se Koninkryk, [die Werk] wat deur die “deure” van radio, televisie en die Internet – plus drukwerk – gaan om die hele wêreld te bereik met die boodskap van die toekomstige Koninkryk van God. Hulle sal diegene wees wat waarlik Matteüs 24:14 vervul: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal

verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom”.

Moontlik is u verstand, nou, terwyl u hier lees, besig om geopen te word om te besef dat u op een of ander manier met *daardie Kerk* in aanraking gebring is. *Mag God u help om te verstaan!* Mag God u help om tot **aksie** oor te gaan. Indien u verdere inligting spesifiek volgens hierdie riglyne verlang, skakel ons of skryf vandag aan ons, of gaan na ons webwerf by [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za) en vra om u **gratis** kopie van ons uiters belangrike boekie, *Hervestig die Christenskap van die Apostels*. Mag God u help om hierdie boekie te *bestudeer* en om die stellings daarin uit u Bybel en uit die geskiedenis te **bewys**. *Doen iets* sodat u 'n **ware** verhouding met die Skepper van hemel en aarde mag hê, en begin om die **doel** waarvoor u geskape is, te vervul.



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en meld dat u navraag doen  
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**